GRENSBAKENS UIT VERVLOë DAE

In Maart 1976 het die speurtog al begin. Destyds is skrywer uitgeroep na die plaas Nieuwe Tuin, toe in besit van mnr. Francis. In sy rotstuin, verskuil onder digte klimop, was 'n besondere klippaal van sandsteen. Daarop was die datum 1751 uitgebeitel en daaronder 'n monogram, wat volgens mnr. Francis soos "VOC" gelyk het(sien kaart, no.4). By nadere ondersoek blyk dit egter dat die sandsteen baie verweer het en net 'n onduidelike VCC kon ·syfer word. Wat was die ..tekenis van hierdie raaiselagtige klipbaken? Dit is sekerlik uit sy oorspronklike konteks geneem en in die tuin herplant. Dat die klip belangrik was, is bevestig toe dit ook blyk dat die boonste helfte eens op 'n tyd afgebreek het, maar weer met 'n rooierige kleefmiddel vasgeheg is.

Eers agt jaar later het die raaisel begin ontvou. Mnr. Jack Jelbert, 'n vriend van Mnr. M.S. Hunting, eienaar van die naasliggende plaas Slayley, het enkele paalvormige klippe met inskripsies daarop, waargeneem. Met sy hulp is hierdie grensbakens opgespoor (sien kaart, nos. 1,2&3) Een was kort afgebreek (no.3), terwyl die ander twee gemerk is met die datum 1751 en die duidelike letters "WCG" daaronder, wat op die Romeinse manier ingebeitel was. Daar was nou geen twyfel nie: Die Nieuwe Tuin baken se letters was eintlik ooreenstemmend, maar kon a.g.v. die brose toestand van die klip, nie reg ontsyfer word nie.

Wat 'n opwindende vonds! Klipbakens uit die Hollands-koloniale periode wat steeds op hul oorspronklike posisies staan! Twee van die bakens staan kort binne die grensdrade van die plaas Slayley, wat direk aan die regeringsplaas Kromme Rhee grens. Klipbaken no. 3, versteek tussen digte riete en moerasgronde, staan langs 'n draad, maar, dit lyk asof dit nie sy oorspronklike staanplek was nie.



Fig 2 The upright sandstone (no.1) marks the corner of the boundary between Groenhof and Kromme Rhee. Shortly prior to the taking of this photograph, a new wire fence was erected, but the marked stone was left intact. Mr Frans Ruiters holds the scale of 100 cm, as a comparison to the stone.



Fig 1 An old map giving the approximate positions of the farms Kromme Rhee, Groenhof and Driesprong (now Muratie). The location of the four beacons, referred to in the text, are marked 1 to 4. The farms Nieuwe Tuin and Slayley are of relatively recent date and only portions of their present area appear on the map.

Fig 3 A close-up of the 1751 date and letters reveal the Roman style in which they were chiselled. Note the larger size of the W, in comparison to the CG, representing Christoffel C. newald.

Die betekenis van die letters "WCG" het egter steeds 'n onopgeloste vraag gebly. Die baanbrekerswerk van wyle mnr. Johannes van der Bijl oor die plaasopstalle van Stellenbosch, het die antwoord gedeeltelik verskaf. Dit moet onthou word dat die bestaande plaas Slayley eens deel gevorm het van die ou 1698 uitgif, Groenhof, wat teenaan Kromme Rhee gegrens het. Al die bestaande bakens staan kort binne die grensdrade van Slayley, waarvan twee op strategiese hoekpunte opgerig is. Alle twyfel is uit die weg geruim oor die oprigter v die bakens, toe van die transportaktes na 'n Christoffel Groenewald verwys as die eienaar van Groenhof gedurende die periode 1722-1754. Sy voorletters CG stem dus ooreen met die laaste letters op die klipbakens. Nêrens kon egter 'n verwysing gevind word na die "W" as 'n voornaam in die familie nie. Dit moes tog iets beteken, maar wat? Daar was iets besonders omtrent die letter W op die klipbakens. In al drie gevalle was dit heelwat groter as die ander twee letters en dit is eintlik as 'n dubbel, oorkruisende V gebeitel om meer klem daarop te lê.

In die stadium is die belangrikheid van hierdie historiese bakens, wat bykans uniek in die Kaap is, onder die aandag van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede gebring en die saak is eers daar gelaat.

Onlangs is die onderwerp weer nagevors. Arnoldus Maasdorp (heemraadslid van Stellenbosch in 1745/6) het sy plaas Kromme Rhee in 1751 laat heropmeet (Fransen & Cook 1965:78) en so ook is Groenhof tergelykertyd ter kaart gestel(Van Zyl 1979:186/7). Die bestaande klipbakens is dus beslis in dié tyd opgerig. En nou pas die laaste stukkie van die legkaart ook om die raaisel van die letter W op te los. Volgens 'n opgespoorde boedelinventaris, is Christoffel Groenewald alreeds in 1748 oorlede. Sy weduwee, ene Anna Hasselaar, was dus in besit van die plaas Groenhof van 1748-1754, toe Hendrik Albertyn transport oorgeneem het. Uiteindelik maak dit sin: die letters WCG staan vir Weduwee Christoffel Groenewald!

Fig 4 Beacon 3 was probably broken off at one time. Only a stump remains, situated within the boundry of Slayley, with the farm Kromme Rhee in the background.

Hierdie middel 18de eeuse grensbakens verteenwoordig 'n besonder interessante stukkie geskiedenis oor ons koloniale leefwyse, die eienaars en hul grensgeskille, die landmeters-



Fig 5 A protracted search revealed beacon 4, completely hidden amidst long reeds in marshy soil. Directly behind Mr Jack Jelbert the high wall of a modern dam is vivible.

praktyke en die ou plaasvorms. Wie weet, dit is geensins uitgesluit dat op die ander hoekgrense van die plaas Groenhof nog van hierdie historiese bakens staan. Hierdie historiese bakens is 'n erfenis wat vir die nageslag bewaar behoort te word. Dit herhinner 'n mens sterk aan die woorde van Spreuke 22:28 "Die ou grenslyne wat jou vaders gemaak het, moet jy nie verlê nie."

H N Vos
Historiese Argeoloog

Fransen, H. & Cook, M. 1965: the Old Houses of the Cape. Cape Town: A.A Balkema.

Van Zyl, D.J. 1979: Ekonomie: Landbou. In: Smuts, F. (red.) Stellenbosch Drie Eeue: 177-207. Stellenbosch.

MOOC 8/6 1738-1748 15/16 129 Boedelinventaris van Christoffel Groenewalt.